

# Die wet se relevansie vir vandag – Hermie van Zyl

Janus vra:

Help my asb met die volgende vraag wat 'n baie goeie vriend vir my vra: "Beteken die nuwe verbond dat die gebooie van Eksodus 20 en Deuteronomium 5, en nog ander, afgeskaf is?"

## Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die kort antwoord op die vraag hierbo is "nee"; die nuwe verbond beteken hoegenaamd nie dat die Tien Gebooie afgeskaf is nie. Inteendeel. Maar kom ek brei hierop uit.

Die rede hoekom baie Christene dink dat die Tien Gebooie nie meer geld vir hulle wat deel het aan die nuwe verbond in Christus nie, is 'n verkeerde verstaan van Paulus. Soos ons weet het Paulus gesê dat die wet jou nie kan red nie, slegs geloof in Christus. God spreek ons vry van ons sonde, nie omdat ons so getrou die wet onderhou nie, maar slegs omdat ons in Christus glo. "Glo" beteken dat ons nie op ons eie vermoë staatmaak om ons verhouding met God reg te stel nie, maar dat ons slegs op Christus vertrou (vgl Rom 1:17; 3:20-26). Hy is die enigste Een wat ons in 'n nuwe verhouding met God kan stel. Nie net was Hy sonder sonde nie (Heb 4:15; 7:26-28), maar Hy het ook ons sonde op Hom geneem en in ons plek die straf op ons sonde gedra. Daarom kan ons vry uitgaan; ons word vrygespreek van God se oordeel oor die sonde, en ons leef in 'n nuwe verhouding met God, ook die nuwe verbond genoem.

Dit was egter nooit Paulus se bedoeling om te sê dat die wet – die Tien Gebooie – en al die goeie dade wat daaruit voortvloei, nie meer geld nie en dat ons nou maar kan leef

soos ons wil. Daar was reeds mense in Paulus se tyd wat hierdie absurde idee gehad het dat ons nou maar kan voortsondig, want God vergewe mos ons sonde; hoe meer ons sondig, hoe groter is God se genade oor ons (Rom 6:1). Maar dan wy Paulus 'n hele hoofstuk daaraan om hierdie onsinnige gedagte die nek in te slaan. Om in Christus te glo, sê hy, beteken dat jy in sy dood gedoop is. Jy is dus dood vir die sonde. Meer nog, jy het ook saam met Hom opgestaan uit die dood; jy is dus lewend vir God, jy is nou in staat om nie meer in die sonde voort te ploeter nie, maar 'n nuwe lewe deur die krag van die Gees van God te leef. (Lees gerus die hele Romeine 6 om self te beleef hoe Paulus hierdie gedagte uitwerk.)

Maar, sou iemand kon vra, wat het die wet – die Tien Gebooie – met die nuwe lewe in Christus te doen? Is hierdie nuwe lewe dan nie iets wat deur die Heilige Gees in jou geskep word, met die gevolg dat jy nie meer die Tien Gebooie nodig het nie? Nee, Paulus het niks teen die wet nie. Inteendeel, die wet is heilig en goed en reg, sê hy (Rom 7:12); dit was en is steeds die uitdrukking van God se wil vir 'n goeie, regte en God welgevallige lewe. Trouens, wanneer hy in Romeine 6 die nuwe lewe in Christus uitspel, dan is dit deurspek met die begrip "geregtigheid", wat vanuit die Ou Testament verstaan moet word en beteken dat iemand volgens die wil van God, soos uitgedruk in die Tien Gebooie, sal lewe (vgl Rom 6:13,16,18-20; kyk *1933/53-Afrikaanse Vertaling*; en *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte vertaling* [2014]). Verder verwys Paulus dikwels na die goeie werke/dade wat ons moet doen, soos in Efesiërs 2:10 (vgl ook Rom 13:3; 2 Kor 9:8; 2 Tess 2:17). Dit is moeilik om te dink dat Paulus iets anders in gedagte gehad het as die goeie werke wat voortvloei uit die Tien Gebooie. Wanneer Paulus ook sy etiese voorskrifte gee van hoe mense moet lewe om God te behaag, dan kom dit op niks anders neer nie as 'n uitleg en toepassing van die Tien Gebooie in mense se lewe (bv 1 Tess 4:1-12). Dis verder interessant dat Paulus die vrug van die Gees in Galasiërs 5:22 in verband bring met die wet as hy sê

dat hierdie vrug nie teen die wet is nie; met ander woorde, dit is uitdrukking van die wet/wil van God.

Kyk ons 'n bietjie wyer na die Nuwe Testament is dit bekend dat in 'n boek soos die Brief van Jakobus goeie daade of wetswerke 'n baie sterk rol speel, in so 'n mate dat Jakobus sê 'n mens nie deur die geloof alleen regverdig verklaar word nie, maar deur daade (Jak 2:24). Hiermee is Jakobus nie in stryd met Paulus nie, maar wys hy 'n bepaalde soort geloof af, naamlik 'n geloof wat nie die bewys lewer dat dit ware geloof is nie. Geloof sonder goeie daade is nie regtig geloof nie en kan jou dus nie red nie, sê Jakobus. Geloof in Christus impliseer altyd die goeie daade wat daarmee gepaard gaan. En met goeie daade word natuurlik die wet van God bedoel.

Waarom Paulus so geweldig klem gelê het op die geloof alleen wat red, was omdat die gehoor met wie hy te doen gehad het sy Joodse volksgenote was wat van die wet en goeie werke 'n sisteem van prestasie gemaak het om jouself vlekkeloos vir God aan te bied (m a w jy bewerk self jou saligheid), en te maak asof jy beter is as ander mense wat nie by jou standarde kan kom nie. Nee, het hy gesê, die wet is nie in staat om jou te red nie, vanweë die erns van ons sonde (Rom 7:13-16). Ons kan slegs in die regte verhouding met God kom as ons Hom volledig vertrou, dat Hy genadig is en sonde vergewe. En dit het Hy gedoen in Christus. Maar dan, hierdie vertrouwe of geloof moet goeie daade tot gevolg hê; dit was vir Paulus so vanselfsprekend dat hy nie eens altyd die moeite gedoen het om dit uit te spel nie. 'n Brief soos Jakobus het dit egter wel uitgespel.

En so het die Christelike kerk deur die eeue altyd die permanente waarde van die wet onderskryf en gehandhaaf. Die genade van God, en geloof in Christus, maak nie die wet oorbodig nie, maar bring dit weer terug as 'n weg van lewe, 'n manier om te wys dat jy dankbaar is vir jou verlossing. Want einde ten laaste is daar gaan ander manier waarop ons kan demonstreer dat ons deel is van God se verlossing nie. Die wet

is immers die grondwet van die lewe; so het God dit van die begin af bedoel. Daarom het Christelike teoloë drie gebruike van die wet geïdentifiseer. *Eerstens* leer ons daaruit ons sonde ken. Ons sal nie weet wat sonde is as die wet dit nie vir ons uitspel nie (“jy moet ...; jy mag nie ...”). En so funksioneer die wet indirek ook as ‘n wegwysers na Christus toe (vgl Gal 3:24). As ons in die wet ontdek wat en hoe groot ons sonde is, lei dit ons na Christus toe waar ons verlossing kan vind. Maar *tweedens*, wanneer ons die verlossing in Christus aanvaar het, ontdek ons dieselfde wet weer as uitdrukking van God se wil vir ‘n goeie lewe, en aanvaar ons die Tien Gebooe as God se huisreëls, as ‘n manier om ons dankbaarheid vir ons verlossing uit te druk. Die wet is die goeie daad waarvan Paulus praat, die daad wat God vir ons voorberei het waardeur ons Hom kan behaag, die vrug van die Gees. En *derdens* is die wet ook die grondslag vir ‘n goed funksionerende samelewing, maak nie saak of dit Christelik is of nie. ‘n Samelewing of staat wat nie die beginsels van die Tien Gebooe handhaaf nie, sal gou in chaos en anargie verval. Die Tien Gebooe is immers ‘n universele wet wat nie net vir Christene geld nie, maar algemene beginsels bevat vir sinvolle bestaan en voortbestaan, ongeag die spesifieke geloofsoortuigings van ‘n gemeenskap.

Bogenoemde uiteensetting het spesifiek oor die Tien Gebooe gehandel. Natuurlik is daar afgeleide verordeninge, bepalinge en seremoniële wette in die Ou Testament wat spesifiek vir die destydse Joodse samelewing gegeld het wat ons nie meer vandag handhaaf nie. Hierdie wette geld nie meer vir die Christene van die nuwe verbond nie (bv oor die besnydenis, die inrigting van die tempel, die offerandes, ens).

**Skrywer:** [Prof Hermie van Zyl](#)

---

# Mense ná die sondvloed – Hermie van Zyl

**Van:** Michele

**Onderwerp:** Mense ná die sondvloed

**Boodskapteks:** As ek reg verstaan, was dit net Noag se familie in die ark. Waar het al die mense en nasies dan later vandaan gekom?

## **Antwoord**

Voor ek by die spesifieke vraag en antwoord uitkom, laat ek eers iets in die algemeen verduidelik omtrent die aard van die Genesisverhaal.

Met die eerste oogopslag lyk dit of Genesis vir ons akkurate, historiese feite gee omtrent die ontstaan van die heelal, die eerste mense en die aartsvaders. Maar dis slegs oënskynlik so. In werklikheid is Genesis wat ons noem *etiologiese (= verklarende) geskiedskrywing*. Dit wil sê dit probeer die geskiedenis so vertel dat dit aan latere geslagte verklarings bied vir veral politieke en sosiale verdelings in hulle eie tyd. Dit hou in dat die geskiedenis wat ons in Genesis aantref nie kille, eksakte feite omtrent die geskiedenis is nie, maar geskryf word vanuit die perspektief, konteks, probleme en ervarings van veel later geslagte. Die meeste kenners is daarom van mening dat Genesis (saam met die ander boeke van die sogenaamde Pentateug – dit is Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium) eers hier teen 1000 vC skriftelike beslag begin kry het, en sy finale afsluiting eers ná die ballingskap in die 6e eeu vC gehad het. Dit beteken dat daar aanvanklik 'n sekere geskrewe historiese kern was (wat op sy beurt teruggaan op ou mondelinge volksvertellings), maar dat hierdie kern verskeie redaksionele fases deurloop het aan die hand van baie

skrywers en invloede voordat dit sy finale beslag gekry het.

Hierbenewens is die inhoud nie 'n kille, objektiewe inventaris van gebeure nie, maar in *verhaalvorm* geskryf. Dit wil sê, die verskillende skrywers het 'n seleksie van gebeure gemaak en hierdie seleksie vanuit 'n bepaalde perspektief geskryf om sekere teologiese oogmerke te dien – wat ook al van tyd tot tyd in die volk Israel se geskiedenis en verstaan van God belangrik was. Daarom kan mens sê dat ons in Genesis twee visies op die oergeskiedenis kry: dit bied 'n venster waardeur ons kyk na die verlede – 'n venster wat die verhaalskrywers vir ons ontwerp het – maar terselfdertyd werk hierdie venster ook soos 'n spieël: ons herken daarin die weerkaatsing van die verskillende skrywers(groepe) vanuit latere tye, wat hulle perspektiewe en voorkeure was. Verder, hierdie twee visies op die verlede – venster en spieël – is ineengestrengel teenwoordig in die Genesisverhaal sodat dit soms baie moeilik is om agter te kom wat is geskiedenis en wat is die eietydse konteks en perspektiewe van die skrywers. Die hele rede vir dié soort geskiedskrywing was dat geskiedenis vir die antieke mens nie oor die objektiewe feite as sodanig gegaan het nie – bloot om uit te vind wat presies gebeur het nie – maar oor die toeëiening van die verlede vir hulle eie tyd. Die verlede moes die hede meer verstaanbaar maak.

Kom ons pas nou hierdie stukkie teoretiese agtergrond toe op ons vraagsteller se navraag. In Gen 6:1 lees ons dat die mense op die aarde baie begin word het, maar dat die boosheid ook toegeneem het, waarop die Here besluit om die mens weg te vee van die aarde af (6:7) – behalwe Noag en sy gesin, wat genade gevind het in die oë van die Here (6:8). Hy sou Noag, sy vrou en die egpaar se gesin (seuns Sem, Gam en Jafet, en dié se vroue) gebruik om die aarde te herbevolk. Hulle oorleef dan in die ark die groot vloed (saam met die diere). Ná die vloed herhaal die Here gevolglik die opdrag wat Hy reeds aan Adam gegee het, naamlik om te vermenigvuldig en die aarde te vul

(9:1,7; 1:28). Uit hierdie gesin is die hele aarde weer bevolk (9:19).

Die volgende wat ons kry is die nageslag van Sem, Gam en Jafet in Gen 10. Ewe skielik is daar 'n klomp mense op die toneel; dit staan bekend as die volkeretafel of volkekaart. Dit is duidelik dat die skrywer(s) hier veel meer in die oog het as bloot net die nageslag van Sem, Gam en Jafet. Wat eintlik gebeur, is dat die volkeretoneel soos dit bekend was in die gebiede rondom die Middellandse See in die tyd toe Genesis sy aanvanklike beslag gekry het in ongeveer 1000 vC, hier ingelees word in en teruggevoer word na die nageslag van Noag en sy seuns. Daarom is die persoonsname wat hier voorkom eintlik 'n manier om na latere volke en plekke te verwys. Vergelyk ook 10:32 waar die skrywer(s) se perspektiewe en oogmerke pertinent genoem word, naamlik die beskrywing van die stamme en nasies se herkoms. So kan latere lesers – met name die volk Israel – ingelig word oor waar hulle inpas in die geskiedenis van volke en nasies. En so word dit ook duidelik wat vroeër opgemerk is omtrent die aard van Genesis, dat geskiedenis en latere perspektiewe inmekaarvloei.

Naas bogenoemde is daar twee teologiese perspektiewe wat helder uitstaan in die volkeretafel van Genesis, en dit is (a) dat die menslike geslag één is. Net soos almal teruggevoer kan word na die eerste mensepaar, Adam en Eva (vgl ook Hand 17:26), so kan al die nasies van latere tye op hulle beurt teruggevoer word na die nageslag van Sem, Gam en Jafet. En (b), die skrywer werk ook met die konsep dat die geskiedenis wat hy beskryf, uitloop op die volk Israel. Dit word sigbaar uit die feit dat Noag se seuns in Gen 10 in omgekeerde volgorde genoem word, naamlik Jafet, Gam en Sem. Die gewone volgorde is Sem, Gam en Jafet (vgl 5:32). Hierdie volgorde dui nie noodwendig die volgorde aan waarin hulle gebore is nie; volgens 9:24 en 10:21 is die volgorde van geboorte eerder Jafet, Sem Gam. Hoe dit ook al sy, met die omkeer van die gebruikelike volgorde (Sem, Gam en Jafet) wil die skrywer

aantoon dat God 'n bepaalde geslagslyn gebruik om sy heil aan die wêreld bekend te maak, naamlik dié van Sem – Abraham – Israel. Daarom begin hy by Jafet om dan op te werk na, en die klem te laat val op Sem wat die voorvader is van Heber (waaruit die Hebreërs sou kom), wat ons dan lei na Peleg en uiteindelik Abraham (11:16-26).

Die vraag oor waar al die mense in Gen 10 so skielik vandaan kom, word dus beantwoord wanneer ons bostaande uiteensetting in gedagte hou. Die skrywer wil aantoon wie almal uit Noag se familie voortgevloei het. En hiervoor gebruik hy die volke- en plekname van sy eie tyd om aan te toon waar almal vandaan kom, dat hulle teruggevoer kan word na Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet. Maar so toon hy ook aan hoe die klem val op Sem se nageslag, want daaruit sou Israel se geskiedenis voortvloei, wat natuurlik vir sy lesers van groot belang was.

**Skrywer:** [Prof Hermie van Zyl](#)

---

## **Die menorah – Francois Malan**

Michele vra:

Wat stel die Menorah voor in die Bybel?

### **Antwoord**

Prof Francois Malan antwoord:

Menorah is die Hebreuse woord vir 'kandelaar.' Dit is die goue kandelaar met ses arms wat uit die middelste stam spruit, drie aan elke kant, elkeen met een van die sewe lampies op die arms. Dit het gestaan in Israel se tabernakel en later in die



tempel. Dit moes voortdurend brand sodat daar gereeld lig kan wees in die heilige deel van die tent van ontmoeting. Salomo se tempel het vyf menorahs in die heiligdom gehad (1 Konings 7:49). Soos die tafel met die toonbrode en die ark was die menorah die teken van die teenwoordigheid van die Here. Daarom is dit gemaak van suiwer goud. Die patroon van die menorah is 'n beeld van 'n groeiende boom met takke, die tak van 'n amandelboom soos in Jeremia 1:11-12 as teken dat die Here gereed staan om te doen wat Hy gesê het. Die Hebreeuse woord vir 'gereed staan' (sjokēd) klink soos die Hebreeuse woord vir amandelboom (sjakēd).

Tydens Israel se uittoeg uit Egipte het die Here Aäron en sy nageslag as priesters uitgekies uit die twaalf stamme deur sy kiere oornag te laat bot met blare en ryp amandels (Numeri 17:1-10).

Die heilige deel is voor die voorhangsel wat die allerheiligste afgeskort het van die heilige. Terwyl die heilige altyd verlig moet wees, is dit altyd donker in die allerheiligste, waar die Here self as die Lig teenwoordig is (Eksodus 25:31-40; Levitikus 24:2-4). Die lig in die heilige was 'n teken dat God in die allerheiligste teenwoordig is by die ark, waar die volk nie toegelaat was om in te kom of in te kyk nie.

In die tyd ná die tempel weer opgebou is, ná die ballingskap, is die menorah op die Joodse Chanukka-fees, dit is die Tempelinwydingfees, aangesteek, elke dag een lamp meer, as herinnering aan die vernuwing of herinwyding van die tempel (Johannes 10:22).

Die lig van die kandelaar as herinnering aan die ontwakende amandelboom wat eerste van die bome begin blom, getuig dat die Here teenwoordig is en aktief is onder sy volk. Die herhalende blomkelke met blomknoppe (Eks 25:33) stel die amandelboom voor wat besig is om in blomme uit te bars uit sy knoppe. Die vuur en die lig van die sewe lampe herinner die volk daaraan dat

die Here in helder lig kom. So getuig die tafel met die toonbrode waarop die lig van die kandelaar val van God se mildadige teenwoordigheid. Die ark is die getuienis van God se teenwoordigheid, en die kandelaar sê dat Hy ewig waaksaam is oor sy volk en oor sy skepping (Ps 121:4: Kyk, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie).

Toe Jesus gekom het, het Hy die plek van die tempel ingeneem (Johannes 2:19-22). Hy is nou die tempel waardeur ons na God toe kan gaan deur sy offerdood aan die kruis vir ons sonde, en sy opstanding wat die dood oorwin en vir ons 'n deur word na die ewige lewe. In Johannes 8:12 sê Jesus: 'Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in duisternis leef nie, maar sal die lig vir die lewe hê.' In Johannes 14:15-17 stuur Hy die Heilige Gees om ewig in ons te kom bly; en in Johannes 14:23 sê Hy: As iemand My liefhet, sal hy ter harte neem wat Ek sê, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.'

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

---

## **Die merk van die dier – Francois Malan**

Susan vra:

Waar staan dit in die Bybel dat jy nie 'n mikro skyfie onder jou vel mag laat aanbring nie vir betaal van goedere nie

**Antwoord**

Prof Francois Malan antwoord:

Dit staan nie in die Bybel nie. Wat wel in die Bybel staan is die volgende:

In Openbaring 13:16-18 staan: die dier uit die aarde 'het ook almal, klein en groot, ryk en arm, vry mense en slawe, verplig om 'n merk op hulle regterhand of op hulle voorkoppe te laat aanbring, sodat niemand, behalwe dié met die merk van die naam van die dier of die getal van sy naam, sou kon koop of verkoop nie. Hiervoor is wysheid nodig. Wie insig het, moet die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens, en sy getal is seshonderd ses-en-sestig.'

In Openbaring 14:9-11 staan dat 'n engel het met 'n harde stem uitgeroep: 'As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorkop of op sy hand ontvang het, sal hy ook drink van die wyn van God se woede wat onverduin in die beker van God se toorn geskink is. Hy sal ook in die teenwoordigheid van die heilige engele en die Lam met vuur en swael gefolter word. En die rook van hulle foltering bly opstyg vir ewig en ewig, en hulle wat die dier en sy beeld aanbid, kry dag en nag geen rus nie, ook nie hulle wat die merk van sy naam ontvang het nie.

In Openbaring 20:4 word verwys na die mense wat nie neergeval het om die dier en sy beeld te aanbid nie, en nie die merk op die voorkop of op die hand ontvang het nie.

Openbaring is 'n boek wat met metafore werk waarvan die betekenis toegepas moet word. So is die getal 666 van die dier 'n getal wat bereken moet word. Die agtergrond daarvan is dat 'die groot draak van Openbaring 12:9, die slang van weleer (voor die skepping), wat Duiwel en Satan genoem word, die verleier van die hele bewoonde wêreld is' (vgl. ook Openb 19:20). Die Duiwel gee voor dat Hy **God** is wat aanbid moet word in plaas van die Vader van Jesus Christus.

Die dier uit die see van Openbaring 13:1-8 is 'n parodie (spottende nabootsing) op **Christus**, die Lam wat geslag is en in die hemel opgeneem is na sy opstanding en die boekrol in sy

hand hou en die seëls oopbreek (5:5-6) – een van die dier se koppe lyk of dit dodelik verwond was (letterlik ‘geslag was tot die dood’, soos die Lam in 5:6 ) maar genees het (Openb 13:14: weer lewend geword het, soos Openb 2:8 van Jesus sê), en dit laat die mense in verwondering agter hom aanloop. Die dier se na-afery van wat God deur Christus gedoen het, is so goed dat dit moeilik word om die egte van die valse te onderskei.

Die dier wat uit die aarde opkom van Openbaring 13:11-18 verplig alle mense om gemerk te word op hulle voorkoppe om hulle innerlike toewyding aan te dui, en op hulle regterhande wat die praktiese uitoefening aandui van hulle toewyding aan die dier. Dit staan teenoor die seël op die gelowiges se voorkoppe (Openb 7:3-4; 9:4; Eseg 9:4). Soos die seël God se kinders identifiseer as syne en hulle beskerm teen die oordeel (Openb 9:4), beskerm die merk van die dier uit die see mense teen ekonomiese en sosiale uitsluiting. Dit is nie ‘n letterlike merk nie, maar verteenwoordig die mense se innerlike lojaliteite, besluite (merk op die voorkop) en manier van lewe soos spreek uit hulle werke (wat gesimboliseer is deur die merk op die hand). Die dier uit die aarde probeer om die teendeel van die werk van die **Heilige Gees** in ons, te bewerk.

Om ‘n Suid-Afrikaanse voorbeeld van die uitsluiting van mense sonder die merk van die dier, te gee: Met die staatskaping werk dit so dat aan die mense of tenderaars wat bereid is om omkoopgeld te betaal, kontrakte toegeken word. Die merk van die dier is die bereidheid om omkoopgeld te vra en te betaal om gunste te kry. Die mense wat weier om omkoopgeld te vra of te betaal omdat hulle die merk van die Here op hulle koppe het, in hulle gedagtes en gewetes, loop die eerlike pad van die Here, en hulle word van geleenthede en kontrakte uitgesluit. Mense wat oneerlik werk met die geld en beleggings van ander mense, het die merk van die dier op hulle voorkoppe, dit wil sê in hulle gedagtes en harte. Mense wat eerlik werk

met ander se geld en eiendom, lewe volgens die Here se gebod in Eksodus 20: 15: 'Jy mag nie steel nie.' Dit is die merk van die Here op hulle koppe, eintlik in hulle denke en harte. Daarom sal Jesus met sy wederkoms elkeen wat die leuen liefhet en beoefen uitsluit uit die ewige lewe (Openb 22:15) en hulle deel is die brandende poel van swawel en vuur (Openb 20:13; 21:8).

Openbaring 13:18: Die merk wat gedra word is 'die naam van die dier of die getal van sy naam wat identies is met sy naam. Dit is die getal van 'n mens (of: 'n menslike getal) nl. seshonderd-ses-en-sestig' (baie verklarings is al vir die 666 gegee). Dit is waarskynlik 'n simboliese getal van mense wat self god wil wees of lewe asof hulle god is, waar ses net een tekortsiet op die volmaakte getal sewe van God. So kan die **draak**, die **dier uit die see**, en die **dier uit die aarde**, die drie, nie soos God volmaak wees nie. Die getal vir volmaaktheid is driemaal sewe, die **Vader-Seun-Heilige Gees: 777**.

Die wysheid wat nodig is, is om die bedrieglike en dierlike aard van die bese te verstaan, sowel as die selfverheerlikkende magte en strukture van die samelewing, regerings en leiers, wat hulle perke oorskrei en die ware Godheid probeer vervang. As mense en menslike instansies probeer om soos God te wees en lojaliteit vereis wat aan God alleen toekom, word hulle dierlik in hulle **denke** (merk op die voorkop) en **optrede** (merk op die hand). Met die beeld van die dier uit die aarde waarsku Johannes teen kompromieë en vereenselwinging met die waardes, norme en gelowe van die sekulêre kultuur. Navolgers van Jesus lewe nie vir hulleself nie, maar om soos Jesus ander in liefde te dien. Dan het jy die seël van God die Vader, Seun en Heilige Gees op jou voorkop van Openbaring 7:3 (jou denke en geloof in Jesus Christus). Die merk met die Naam van God en van Jesus word reeds in Openbaring 3:12 genoem. Die vrug van die Heilige Gees se werk in ons is ons merk. Galasiërs 5:22-23 beskryf dit as:

liefde, blydskap, vrede, geduld, vrendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid/nederigheid, selfbeheersing. Dit is die merk wat 'n Christen kenmerk.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)